


NCJRS

This microfilm was produced from documents received for inclusion in the NCJRS data base. Since NCJRS cannot exercise control over the physical condition of the documents submitted, the individual frame quality will vary. The resolution chart on this frame may be used to evaluate the document quality.



Microfilming procedures used to create this fiche comply with the standards set forth in 41CFR 101-11.534

Points of view or opinions stated in this document are those of the author(s) and do not represent the official position or policies of the U.S. Department of Justice.

U.S. DEPARTMENT OF JUSTICE
LAW ENFORCEMENT ASSISTANCE ADMINISTRATION
NATIONAL CRIMINAL JUSTICE REFERENCE SERVICE
WASHINGTON, D.C. 20531

7/1/77

im d



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VERSLAG

van die

KOMMISSARIS VAN GEVANGENISSE

van die

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

vir die tydperk

1 JULIE 1975 TOT 30 JUNIE 1976

Uitgegee op Gesag

Prys R1,55 ♦ Buitelands R1,90

Posvry

Gedruk deur en verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Printed by and obtainable from The Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, 0001

RP 46/1977

REPORT

of the

COMMISSIONER OF PRISONS

of the

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

for the period

1 JULY 1975 TO 30 JUNE 1976

Published by Authority

Price R1,55 ♦ Abroad R1,90

Post Free

SY EDELE DIE MINISTER VAN GEVANGENISSE

Ek het die eer om 'n verslag oor die werksaamhede van die Departement vir die jaar geëindig 30 Junie 1976 aan u voor te lê.

W. M. DU PREEZ (Generaal)
Kommissaris van Gevangenis

30 April 1977

THE HONOURABLE THE MINISTER OF PRISONS

I have the honour to submit a report on the activities of the Department for the year ended 30 June 1976.

W. M. DU PREEZ (General)
Commissioner of Prisons

30 April 1977

NCJRC

JUN 27 1977

ACQUISITIONS

INHOUD

	Bladsy
INLEIDING.....	1
1. FINANSIEEL:	
Begroting van uitgawes.....	1
2. PERSONEEL:	
Dienstaat.....	2
Werwing, keuring en aanstellings.....	3
Personeelontwikkeling.....	3
Personeevaluering.....	4
Bevorderings.....	4
Medaljes.....	4
Doeltreffendheid.....	4
Dienshonde.....	4
3. INLIGTINGS- EN SKAKELDIENSTE:	
Inligting aan die publiek.....	5
Skakeling met nuusmedia.....	6
Besoeke.....	6
4. GEVANGENISADMINISTRASIE:	
Tendense uit statistiese gegewens ten opsigte van gevangenes in aanhouding.....	6
Hospitaalgevangenis vir psigopate.....	8
Veilige bewaking.....	11
Tandheelkundige dienste vir gevangenes.....	11
5. GE3PESIALISEERDE BEHANDELING:	
Opvoedkundige dienste.....	11
Sielkundige dienste.....	13
Maatskaplike werk.....	13
6. GEESTELIKE VERSORGING:	
Geestelike versorging van gevangenes.....	14
7. BEDRYWE:	
Bouwerke.....	15
Werkwinkels.....	16
Landbou.....	18
8. STATISTIEK.....	20

LYS VAN GRAFIEKE EN TABELLE GRAFIEKE

Grafiek	Bladsy
1 Personeelomset.....	2
2 Aantal gevonniste gevangenes in bewaring.....	6
3 Daaglikse gemiddeldes: Gevonniste en ongevon- niste gevangenes.....	7
4 Ouderdomsgroepe soos by opneming.....	8

TABELLE

Tabel	
1 Begroting van uitgawes.....	20
2 Boufondse.....	20
3 Inkomste.....	20
4 Diensbeëindigings.....	21
5 Werwingsresultate.....	21
6 Vakkundige diensstaat.....	21
7 Kursusse bygewoon deur lede.....	22
8 In bewaring op 30 Junie 1976.....	22
9 Daaglikse gemiddeldes: Gevonniste en ongevon- niste gevangenes.....	23
10 Gevangenes opgeneem gedurende die tydperk 1 Julie 1975 tot 30 Junie 1976.....	23
11 Kinders (suigeling) in gevangenis gedurende die tydperk 1 Julie 1975 tot 30 Junie 1976.....	24
12 Eerste oortreders en residiviste opgeneem.....	24
13 Ouderdomsgroepe opgeneem.....	25
14 Lyfstraf.....	25
15 Halsstraf: Data van 1 Julie 1975 tot 30 Junie 1976	26
16 Ontvlugtings.....	26
17 Vakttoetsresultate.....	26
18 Geestelike versorging.....	27
19 Boerderybedrywighede.....	28
20 Lewende hawe op 30 Junie 1976.....	29

CONTENTS

	Page
INTRODUCTION.....	1
1. FINANCIAL:	
Estimates of expenditure.....	1
2. PERSONNEL:	
Establishment.....	2
Recruiting, selection and appointments.....	3
Personnel development.....	3
Evaluation of personnel.....	4
Promotions.....	4
Medals.....	4
Efficiency.....	4
Service dogs.....	4
3. INFORMATION AND LIAISON SERVICES:	
Information to the public.....	5
Liaison with news media.....	6
Visits.....	6
4. PRISON ADMINISTRATION:	
Trends as derived from statistical data in respect of prisoners in custody.....	6
Hospital prison for psychopaths.....	8
Safe custody.....	11
Dental services for prisoners.....	11
5. SPECIALISED TREATMENT:	
Educational services.....	11
Psychological services.....	13
Social work.....	13
6. SPIRITUAL CARE:	
Spiritual care of prisoners.....	14
7. INDUSTRIES:	
Building operations.....	15
Workshops.....	16
Agriculture.....	18
8. STATISTICS.....	20

LIST OF GRAPHS AND TABLES GRAPHS

Graph	Page
1 Personnel turnover.....	2
2 Number of sentenced prisoners in custody.....	6
3 Daily average: Sentenced and unsentenced prisoners.....	7
4 Age groups as on admission.....	8

TABLES

Table	
1 Estimates of expenditure.....	20
2 Building funds.....	20
3 Revenue.....	20
4 Terminations of service.....	21
5 Recruiting results.....	21
6 Professional establishment.....	21
7 Courses attended by members.....	22
8 In custody at 30 June 1976.....	22
9 Daily averages: Sentenced and unsentenced prisoners.....	23
10 Prisoners admitted during the period 1 July 1975 to 30 June 1976.....	23
11 Children (infants) in prisons during the period 1 July 1975 to 30 June 1976.....	24
12 First offenders and recidivists admitted.....	24
13 Age groups admitted.....	25
Corporal punishment.....	25
15 Capital punishment: Data from 1 July 1975 to 30 June 1976.....	26
16 Escapes.....	26
17 Trade test results.....	26
18 Spiritual care.....	27
19 Farming activities.....	28
20 Livestock as at 30 June 1976.....	29

INLEIDING

Die Departement het gedurende die verslagjaar van twee Kommissarisse afskeid geneem. Generaal J. C. Steyn het op 30 November 1975 uit die diens getree en is opgevolg deur generaal M. J. Nel wat op 30 Junie 1976 uit die diens getree het. Beide het gedurende hul dienstydperk deur toegewyde diens en bekwame leiding 'n betekenisvolle bydrae gelewer tot die voortgesette ontwikkeling van die Departement.

'n Aangeleentheid wat steeds kommer wek en waar-aan veral aandag verleen is, is die hoë personeelomset. As gevolg hiervan bestaan 'n groot deel van die personeelkorps uit jong en onervare lede. Om hierdie tendens te beperk is verskerpte pogings aangewend om personeelomstandighede te verbeter en personeelvoorsiening en ontwikkeling op 'n gesonder grondslag te plaas.

Hierdie benadering is deurgaans met alle personeel gevolg. Die eerste groep Swart vroue het gedurende die eerste helfte van 1976 'n basiese opleidingskursus met sukses voltooi. 'n Kursus om senior Swart personeel vir groter verantwoordelikhede te bekwaam, is van 21 Julie 1975 tot 30 Oktober 1975 vir hulle aangebied met die oog op hul ontwikkeling as beheer-personeel op die middel- en bestuursvlak. Daarbenewens is die ontwikkeling van hierdie personeel ook ingestel op behoeftes wat noodwendig mettertyd sal ontstaan met die ontplooiing van die staatkundige patroon van afsonderlike onafhanklike gebiede vir die onderskeie volksgroepe.

Met die oog op die onafhanklikwording van Transkei is gedurende die verslagjaar 'n verdere vyf gevangnisse aan die Transkeise Regering oorgedra, wat die totaal op 22 te staan gebring het. Terselfdertyd is sewe gevangnisse in kwaZulu onder die beheer geplaas van opgeleide Swart personeel.

Na aanleiding van die oproep tot besparing is heel-wat aktiwiteite met inbegrip van, bouprojekte en reklameprogramme ingekort, dog sonder om doeltreffendheid onnodig in te boet. In hierdie besparings-poging het die personeel die nodige samewerking gegee.

Ooreenkomstig die bepalinge van die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet 18 van 1973), is die eerste hospitaalgevangenis vir gesertifiseerde psigopatiese oortreders gedurende Mei 1976 in gebruik geneem. As die eerste in sy soort in Suid-Afrika is hierdie unieke projek egter nog in sy beginstadium, en veel navorsing sal nog gedoen moet word ten einde effektiewe behandelingsmetodes vir hierdie groep oortreders te ontwikkel.

Daar is veral kommer oor die toenemende getal gevangenes wat langtermynvonnisse opgelê word en waarvan die kumulatiewe effek met betrekking tot die daaglikse gemiddelde gevangenisbevolking duidelik waarneembaar is.

Die nadelige gevolge van misdaad en die uitgawes verbonde aan die bekamping daarvan is van so 'n ingrypende aard dat 'n nasionale aksie ter voorkoming van misdaad 'n dringende prioriteit geword het. Voorkoming van misdaad is so 'n uiters aktuele saak dat dit noodsaaklik is dat algemene gemeenskapsbewustheid en -betrokkenheid ontwikkel word.

1. FINANSIEEL.

1.1 Begroting van uitgawes.

Die Departement se begroting ten opsigte van uitgawes word in Tabel 1, pagina 20, uiteengesit.

In die geheel gesien was daar weer, soos in die verlede, 'n styging in die Departement se uitgawes. Die

INTRODUCTION

The Department bade farewell to two Commissioners during the year under review. General J. C. Steyn retired from the Service on 30 November 1975 and was succeeded by General M. J. Nel, who retired from the Service on 30 June 1976. Through their dedicated service and capable leadership, both made a significant contribution towards the continued development of the Department during their periods of service.

A matter which is still causing concern and to which much attention was devoted is the high personnel turnover. As a result of this, the personnel corps consists mainly of young and inexperienced members. In order to curb this tendency, efforts to improve personnel conditions and to obtain and develop personnel more effectively were intensified.

This approach was followed throughout with all personnel. The first group of black women successfully completed a basic training course during the first half of 1976. A course to equip senior Black personnel for greater responsibility was arranged for the period 21 July 1975 to 30 October 1975, with a view to their development as control personnel at middle and managerial level. In addition, the development of these personnel was aimed at the needs which will inevitably arise as the political pattern of separate independent territories for the various population groups evolves.

With a view to the independence of Transkei, a further five prisons were transferred to the Transkeian Government during the year under review, bringing the total to 22. At the same time, seven prisons in kwaZulu were placed under the control of trained Black personnel.

In response to the call to economise, a considerable number of activities, including building projects and publicity programmes, were curtailed, without, however, unnecessarily sacrificing efficiency. The personnel gave the necessary co-operation in this economy drive.

In accordance with the provisions of the Mental Health Act, 1973 (Act 18 of 1973), the first hospital prison for certified psychopathic offenders was commissioned during May 1976. The first of its kind in South Africa, this unique project is still in its infancy and much research will have to be done to develop effective methods of treatment for this group of offenders.

There is particular concern about the increasing number of prisoners on whom long-term sentences are imposed and whose cumulative effect on the daily average prison population is only too evident.

So far-reaching are the detrimental effects of crime and the expenditure involved in combating it that a national campaign for the prevention of crime has become an urgent priority. Prevention of crime is a matter of such crucial importance that it is essential to engender general community awareness and involvement in this regard.

1. FINANCIAL.

1.1 Estimates of expenditure.

The Department's budget in respect of expenditure is set out in Table 1, p. 20.

Taken as a whole, there was, as in the past, an increase in the Department's expenditure. This was

toename in die langtermyngevangenisbevolking en die gevolglike uitbreiding van werksaamhede, asook die hoë inflasiekoers, kan beskou word as die vernaamste faktore wat daarvoor verantwoordelik was.

2. PERSONEEL.


2.1 Diensstaat.

2.1.1 Die diensstaat van die Departement in sy geheel is gedurende die betrokke verslagjaar vergroot met 290 poste.

Op 30 Junie 1976 was die diensstaatsposisie soos volg:

Rang-Pos	Blank	Kleur- ling/ Indier	Bantoe	Totaal
Generaal.....	1	—	—	1
Luitenant-generaal.....	2	—	—	2
Generaal-majoor.....	4	—	—	4
Brigadier.....	16	—	—	16
Kolonel.....	30	—	—	30
Luitenant-kolonel.....	39	—	—	39
Kapelaan.....	10	—	—	10
Kaptein / Majoor / Luitenant- kolonel (Gespesialiseerde Be- handelingsdienste).....	5	—	—	5
Majoor.....	61	1	—	62
Kaptein / Majoor (Gespesiali- seerde Behandeldingsdienste)	5	—	—	5
Luitenant / Kaptein / Majoor (Werkstudie).....	9	—	—	9
Luitenant / Kaptein / Majoor (Dataverwerking).....	3	—	—	3
Kaptein.....	122	2	1	125
Luitenant / Kaptein (Opleiding)	7	—	—	7
Luitenant.....	220	5	3	228
Adjutant-offisier / Luitenant (Gespesialiseerde Behandeldings- dienste).....	72	—	—	72
Adjutant-offisier.....	664	18	57	739
Sersant Klas I.....	2 014	54	171	2 239
Sersant Klas II.....	—	113	360	473
Sersant Klas III.....	—	223	738	961
Bewaarder/Bewaarster.....	4 057	781	3 795	8 633
Hoofstikster.....	1	—	—	1
Senior Tikster.....	2	—	—	2
Tikster.....	134	—	—	134
Senior Klerklike Assistent.....	2	—	—	2
Klerklike Assistent.....	68	—	—	68
Telefoniste.....	37	—	—	37
Ponsmasjienbediener.....	5	—	—	5
Suster.....	34	1	1	36
Stafverpleegster.....	—	1	5	6
Vroedvrou.....	—	—	1	1
Voltydse nie-amptelike raads- lede.....	47	—	—	47
Groototaal.....	7 671	1 199	5 132	14 002

2.1.2 Grafiek 1 toon die personeelomset vir die tyd-
perk 1 Julie 1975 tot 30 Junie 1976:



caused mainly by the increase in the long-term prison population and the consequent expansion of activities, as well as by the high rate of inflation.

2. PERSONNEL.

2.1 Establishment.

2.1.1 The establishment of the Department as a whole was increased by 290 posts during the year under review. At 30 June 1976 the establishment position was as follows:

Rank Post	White	Coloured Indian	Bantu	Total
General.....	1	—	—	1
Lieutenant-General.....	2	—	—	2
Major-General.....	4	—	—	4
Brigadier.....	16	—	—	16
Colonel.....	30	—	—	30
Lieutenant-Colonel.....	39	—	—	39
Chaplain.....	10	—	—	10
Captain / Major / Lieutenant- Colonel (Specialised Treat- ment Services).....	5	—	—	5
Majoor.....	61	1	—	62
Captain / Major (Specialised Treatment Services).....	5	—	—	5
Lieutenant / Captain / Major (Work Study).....	9	—	—	9
Lieutenant / Captain / Major (Data Processing).....	3	—	—	3
Captain.....	122	2	1	125
Lieutenant Captain (Training).	7	—	—	7
Lieutenant.....	220	5	3	228
Warrant Officer / Lieutenant (Specialised Treatment Ser- vices).....	72	—	—	72
Warrant Officer.....	664	18	57	739
Sergeant Class I.....	2 014	54	171	2 239
Sergeant Class II.....	—	113	360	473
Sergeant Class III.....	—	223	738	961
Warder/Wardress.....	4 057	781	3 795	8 633
Head Typist.....	1	—	—	1
Senior Typist.....	2	—	—	2
Typist.....	134	—	—	134
Senior Clerical Assistant.....	2	—	—	2
Clerical Assistant.....	68	—	—	68
Telephonist.....	37	—	—	37
Punch Machine Operator.....	5	—	—	5
Sister.....	34	1	1	36
Staff Nurse.....	—	1	5	6
Midwife.....	—	—	1	1
Full-time Non-official Board Members.....	47	—	—	47
Grand total.....	7 671	1 199	5 132	14 002

2.1.2 Graph 1 reflects the personnel turnover for the period 1 July 1975 to 30 June 1976:

Hoewel die verskil tussen die aantal diensbeeindigings en aanstellings oënskynlik gering is, moet in ag geneem word dat die 2 126 diensverlaters personeel verteenwoordig wat teen hoë koste intensief opgelei is. (Kyk Tabel 4, pagina 21, en Tabel 5, pagina 21.)

2.1.3 Die vakkundige diensstaat met besondere verwysing na sielkundige, maatskaplike en opvoedkundige behandelingsdienste, is gedurende die verslagjaar as 'n volwaardige en selfstandige diensstaat gevestig en etlike diensteposte is omskep in vakkundige poste. (Kyk Tabel 6, pagina 21.)

Benewens die 63 gekwalifiseerde maatskaplike werkers/sters was daar ook 74 opgeleide Kleurling- en Bantoe-hulpwerkers wat gedurende die verslagjaar behulpsaam was met die maatskaplike versorging van gevangenes.

2.1.4 Die diensstaat ten opsigte van geestelike versorging is uitgebrei met een pos van Kapelaan te Hoofkwartier en sewe poste van Kapelaan op die diensstaat van die kommandemente waar 'n stelsel van beheerkapelane op streekbasis deur die Departement ingestel is.

2.2 Werwing, keuring en aanstellings.

Werwingsaktiwiteite het, soos in die verlede, na wense verloop en bevredigende resultate is behaal. Altesaam 5 608 aansoeke is ontvang. Poste is aan 2 845 van die aansoekers gebied en 2 079 het diens aanvaar. Hierdie bevredigende werwingsresultate is die resultaat van 'n volgehoue werwingspoging oor die afgelope vyf jaar. Verskerpte werwingspogings bly egter noodsaaklik. Vanweë die besondere aard van die Departement se werksaamhede en eise wat aan personeel gestel word, is dit van die uiterste belang dat deeglike keuring gedoen moet word. Gevolglik maak die Departement gebruik van 'n sielkundige keurings-toetsbatterij wat daartoe bydra dat 'n aansienlike aantal aansoeke van die hand gewys word.

2.3 Personeelontwikkeling.

2.3.1 Funksionele opleiding.

Dit is essensieel dat alle personeellede na hul basiese opleiding voortdurend aan opleidingsprogramme onderwerp word en ook geleenthede moet hê vir selfontwikkeling. Sodoende kan hulle voortdurend op die hoogte bly van nuwe verwikkelinge en word hulle so doeltreffend moontlik toegerus vir hul taak. Praktysgerigte indiensopleidingskursusse, ter voorbereiding van, byvoorbeeld, verhooroffisiere, aanklaers, toesighouers, ensovoorts, word deur die Departement self aangebied. (Tabel 7, pagina 22.)

Ten einde hierop voort te bou, word alle lede aan georganiseerde, praktiese onderrig in die werksituasie onderwerp. Hierdie opleiding geskied by alle gevangenes en behels 'n deurlopende opleidingsprogram van man-tot-man-onderrig.

2.3.2 Akademiese opleiding.

Met die oog op die toenemende eise wat gestel word aan lede in sleutelposse, word akademiese studies doelgerig aangemoedig. Die volgende Staatsdiensbeurse is aan lede beskikbaar gestel:

M.A. (Kliniese Sielkunde).....	2
B.Agric.....	1
B.A.....	9
Tweejarige Landboudiploma.....	4
Driejarige Verplegingskursus.....	16
Nasionale Diploma in Staatsadministrasie.....	15
Nasionale Diploma in Staatsrekening en -finansies	8
Totaal.....	55

Although the difference between the number of terminations of service and appointments is apparently insignificant, it should be borne in mind that the 2 126 terminations of service represent personnel who were trained intensively at high cost. (See Table 4, p. 21 and Table 5, p. 21.)

2.1.3 The professional establishment, particularly by the psychological, social and educational treatment services, was set up as a full-fledged and independent establishment during the year under review and several service posts were converted into professional posts. (See Table 6, p. 21.)

In addition to the 63 qualified social workers, 74 trained Coloured and Bantu auxiliary workers assisted with the social care of prisoners during the year under review.

2.1.4 The spiritual care establishment was increased by one post of Chaplain at Headquarters and seven posts of Chaplain on the establishment of the commands, where the Department has instituted a system of control chaplains on a regional basis.

2.2 Recruiting, selection and appointments.

Recruiting activities proceeded according to plan, as in the past, and satisfactory results were obtained. A total of 5 608 applications were received. Posts were offered to 2 845 of these applicants and 2 079 assumed duty. This satisfactory recruiting result may be ascribed to the continuous recruiting drive of the past five years. Intensified recruiting efforts remain imperative, however. Because of the special nature of the Department's activities and the demands upon its personnel, it is of the utmost importance that selection should be effective. The Department therefore employs a psychological selection test battery, as a result of which a considerable number of applicants are rejected.

2.3 Personnel development.

2.3.1 Functional training.

It is essential that all personnel should be continually subjected to training programmes after their basic training and that they should have the opportunity for self-development. In this way they can keep abreast of new developments and be equipped as efficiently as possible for their task. Practice-oriented in-service training courses to train, for example, presiding officers, prosecutors, supervisors, etc., are arranged by the Department itself. (Table 7, p. 22.)

In order to build further on this basis, all members are subjected to organised practical training in the work situation. This training is given at all prisons and comprises a continuous training programme of man-to-man instruction.

2.3.2 Academic training.

In view of the increasing demands made of members in key positions, academic studies are systematically encouraged. Public Service bursaries were granted to members as indicated:

M.A. (Clinical Psychology).....	2
B.Agric.....	1
B.A.....	9
Two-year Diploma in Agriculture.....	4
Three-year Nursing Course.....	16
National Diploma in Public Administration.....	15
National Diploma in Public Accounts and Finance	8
Total.....	55



Gedurende die verslagjaar is 'n mobiele inligtings-eenheid gebou en toegerus. Die eenheid word hoofsaaklik by plattelandse landbousskole gebruik en is 'n doeltreffende bekendmakingsmedium. Daarbenewens het die Departement se reklamegroepe by 163 geleenthede opgetree.

3.2 Skakeling met nuusmedia.

Ten einde 'n doeltreffender stelsel van kommunikasie met die nuusmedia ten opsigte van noodsaaklike navrae te verseker, is 'n 24-uurskakeldiens gedurende Mei 1976 ingestel. Die aantal navrae wat deur hierdie diens hanteer word, bevestig die noodsaaklikheid van die diens.

3.3 Besoeke.

Altesaam 1 165 persone het besoeke aan gevangenis gebring, te wete sewe Kabinetsministers, 19 Lede van die Volksraad en Senaat, 61 Regters, 114 Landdroste, 83 besoekers uit die buiteland en 881 ander persone wat aktief met misdaadvoorkoming en die behandeling van oortreders te make het.

4. GEVANGENISADMINISTRASIE.


4.1 Tendense uit statistiese gegewens ten opsigte van gevangenes in bewaring:

Tabelle 8, 9, 10, 12 en 13 (paginas 22, 23, 24 en 25) bevat statistieke oor gevonniste en ongevonnisde gevangenes in bewaring. Die volgende opmerkings kan oor dié statistiese gegewens gemaak word:

4.1.1 Getal gevonniste gevangenes in bewaring.

Die getal gevonniste gevangenes in bewaring soos op 30 Junie 1976 was 78 838.

'n Grafiese voorstelling van die aantal gevonniste gevangenes in bewaring op die laaste dag (30 Junie) van elke verslagjaar, van 1967 tot 1976, word in grafiek 2 hieronder aangedui:



Die volgende tendense kom sterk na vore uit grafiek 2:

(i) Daar is 'n duidelike styging waar te neem in die getalle van die langtermyngevangenes en 'n afname in die getalle van die korttermyngevangenes.

A Mobile information unit was built and equipped during the year under review. The unit is used mainly at country agricultural shows and is an effective publicity medium. In addition, the Department's publicity groups performed on 163 occasions.

3.2 Liaison with news media.

To ensure a more efficient communication system with the news media in respect of essential enquiries, a 24-hour liaison service was introduced during May 1976. The number of enquiries dealt with by this service confirms its necessity.

3.3 Visits.

A total of 1 165 persons visited prisons, including seven Cabinet Ministers, 19 Members of Parliament, 61 Judges, 114 Magistrates and 83 overseas visitors. In addition, 881 other individuals who are actively involved in crime prevention and the treatment of offenders visited prisons.

4. PRISON ADMINISTRATION.

4.1 Trends as derived from statistical data in respect of prisoners in custody.

Tables 8, 9, 10, 12 and 13 (pp. 22, 23, 24 and 25) contain statistics on sentenced and unsentenced prisoners in custody. The following should be noted regarding these statistical data:

4.1.1 Number of sentenced prisoners in custody.

The number of sentenced prisoners in custody as at 30 June 1976 was 78 838.

A representation of the number of sentenced prisoners in custody on the last day (30 June) of every year, from 1967 to 1976, is given in graph 2 below:

The following trends emerge from Graph 2:


(i) A definite increase may be seen in the totals for long-term prisoners, and a decrease in the totals for short-term prisoners.

(ii) Ten spyte van enkele skommelings toon die totale getal gevonniste gevangenes in bewaring 'n konstante styging van 27,4 persent. Hierteenoor was daar vir dieselfde periode 'n bevolkingsaanwas van slegs 26,1 persent. Hiervolgens blyk dit dat die gevonniste gevangenes proporsioneel vinniger toeneem as die bevolking, wat op 'n sorgwekkende misdaadtendens dui.

4.1.2 Gemiddelde daaglikse getal gevangenes in bewaring.

Die gemiddelde daaglikse getal gevangenes in bewaring tydens die verslagjaar was 94 861. Word die afgelope dekade se syfers in oënskou geneem, toon die gemiddelde daaglikse getal gevonniste sowel as ongevonnisde gevangenes in bewaring 'n basiese deurlopende styging tot en met 1973/74, waarna 'n daling voorkom. Vir die dekade as geheel is die styging 29,9 persent. Hierdie syfer is weer eens bevestiging daarvan dat die toename in die gevangenisbevolking groter is as die aanwas van die land se bevolking. Dit blyk dat daar gedurende 1975/76 'n geringe daling voorgekom het. Grafiek 3 toon die tendens vir die verslagjare 1966/67 tot 1975/76.

GRAFIEK / GRAPH 3



4.1.3 Verspreiding van verskillende vonnisgroepe.

Gedurende die verslagjaar is 273 393 gevonniste gevangenes opgeneem. Van alle gevonniste gevangenes opgeneem, is 84,1 persent gevangenisstraf van tot ses maande opgelê, en net meer as die helfte van hulle is vir tydperke van tot een maand gevangenisstraf gevonnis.

Die groep wat vir langer as ses maande maar onder twee jaar gevangenisstraf gevonnis is, verteenwoordig 8,2 persent van die totaal, en dié gevonnis tot twee jaar gevangenisstraf en langer, 7,7 persent. (Kyk Tabel 10, pagina 23.)

4.1.4 Verspreiding volgens ouderdom.

Wanneer ouderdom met misdadigheid in verband gebring word, soos in grafiek 4, blyk dit dat die grootste persentasie gevonniste gevangenes in die ouderdomsgroep 21-29 jaar val, waarna daar 'n gestadige daling is tot by 'n laagtepunt in die ouderdomsgroep 60 jaar of ouer.

(ii) Except for a few fluctuations the total number of sentenced prisoners in custody shows a constant increase of 27,4 per cent. Over against this, there was a population increase of only 26,1 per cent for the same period. This shows that the increase in sentenced prisoners is proportionately greater than the population increase, which is indicative of an alarming crime trend.

4.1.2 Average daily number of prisoners in custody.

The average daily number of prisoners in custody during the year under review was 94 861. If one looks at the figures for the past decade, the daily average for sentenced as well as unsentenced prisoners in custody shows a basic, continuous increase up to and including 1973/74, after which there is a drop. The decade as a whole shows an increase of 29,9 per cent. This figure again confirms that the increase in the prison population is outstripping the increase in the general population. It appears that there was a slight decrease during 1975/76. Graph 3 shows the trend for the years 1966/67 to 1975/76.


4.1.3 Distribution of various sentence groups.

During the year under review 273 393 sentenced prisoners were admitted. Of all sentenced prisoners admitted, 84,1 per cent were sentenced to terms of imprisonment of up to six months, and just over half of these were sentenced to terms of imprisonment of up to one month. The group sentenced to longer than six months' but less than two years' imprisonment represents 8,2 per cent of the total and the group sentenced to two years' imprisonment and longer 7,7 per cent of the total. (See Table 10, p. 23.)

4.1.4 Distribution according to age.

When age is related to crime, as in Graph 4, it is clear that the greatest number of sentenced prisoners are in the age group 21-29 years, after which there is a steady decrease to the lowest point in the age group 60 years or older.

GRAFIEK / GRAPH 4
OUDERDOMSGROEPE SOOS BY OPNEMING
AGE GROUPS AS ON ADMISSION



4.1.5 Sterfgevälle.

Die volgende sterfgevälle, waarvan die oorsake aangedui word, het gedurende die verslagjaar onder gevangenes voorgekom:

Aanranding deur mede-gevangenes.....	35
Selfmoord.....	13
Ongelukke.....	11
Tydens ontvlugting.....	14
Natuurlike oorsake.....	316
Onbekende oorsake.....	2
Totaal.....	391

Dit blyk dat 80,8 persent van die sterfgevälle aan natuurlike oorsake toe te skryf was. Die twee wat in die tabel teenoor die kategorie "onbekende oorsake" aangegee is, is so aangedui omdat die uitslag van die nadoodse ondersoeke tydens die samestelling van die statistieke nog nie bekend was nie.

4.1.6 Toediening van lyfstraf.

Die getalle persone wat gedurende die afgelope drie verslagjare lyfstraf ondergaan het, en die getalle houe toegedien, is soos volg:

Jaar	Getal persone	Getal houe toegedien
1973/74.....	3 314	16 652
1974/75.....	2 910	15 030
1975/76.....	2 251	11 938

Uit bostaande syfers blyk dit dat daar 'n duidelike afname is in die getal persone wat lyfstraf ondergaan het, sowel as in die getal houe wat toegedien is. (Kyk ook Tabel 14, pagina 25.)

4.2 Hospitaalgevangenis vir psigopate.

Psigopatie word nou ingevolge die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet 18 van 1973), as sertifiseerbare geestesongesteldheid beskou. Terselfdertyd vereis

4.1.5 Deaths.

The following deaths, with an indication of the causes, occurred among prisoners during the year under review:

Assault by fellow prisoners.....	35
Suicide.....	13
Accidents.....	11
During escape.....	14
Natural causes.....	316
Unknown causes.....	2
Total.....	391

Deaths due to natural causes constituted 80,8 per cent of the total. The two deaths under the category "unknown causes" are given as such because the results of the post-mortems were not yet known at the time of the compilation of statistics.

4.1.6 Corporal punishment.

The number of persons subjected to corporal punishment during the past three years, as well as an indication of the number of strokes, is indicated in the following table:

Year	Number of persons	Number of strokes
1973/74.....	3 314	16 652
1974/75.....	2 910	15 030
1975/76.....	2 251	11 938

It is evident from the above figures that there was a definite decrease in the number of persons who received corporal punishment, as well as in the number of strokes inflicted. (See also Table 14, p. 25.)

4.2 Hospital prison for psychopaths.

Psychopathy is now regarded as a certifiable mental illness in terms of the Mental Health Act, 1973 (Act 18 of 1973). At the same time the Act requires the

genoemde Wet die daargestelling van spesiale hospitaalgevangenis vir die aanhouding en behandeling van gesertifiseerde kriminele psigopate. Met die oog hierop is die eerste hospitaalgevangenis vir gesertifiseerde psigopate by die nuwe Zonderwatergevangenis naby Cullinan ingerig en gedurende Mei 1976 met 'n groep van sewe gevangenes begin.

Met die oog op die behandeling van hierdie kategorie van gevangenes is 'n spesiale behandelingsprogram opgestel nadat intensiewe navorsing in die buiteland gedoen is. Die basiese uitgangspunt in die behandelingsprogram is die daargestelling van 'n terapeutiese gemeenskap. Hiervolgens word die hele inrigting, dit wil sê personeel en gevangenes, aktief betrek by die behandelingsprogram wat in groot mate gebaseer is op gedragsterapeutiese beginsels. Daar word derhalwe van die sogenaamde "graded tier system" gebruik gemaak, wat daarop neerkom dat die inrigting in verskillende eenhede, elk met 'n eie afsonderlike behandelingsprogram, verdeel word. Daar is vier (4) sulke eenhede, naamlik:

- Die Toelatingseenheid.
- Vorderingseenheid A.
- Vorderingseenheid B.
- Die Voorvrylatingseenheid.

Voorregte word bepaal volgens die program van die eenheid, en die aangehoudene kan dan progressief vorder van die Toelatingseenheid, met minimum voorregte, tot die Voorvrylatingseenheid, met maksimum voorregte, namate verandering in sy psigopatiese gedrag intree en voorafbepaalde terapeutiese doelstellings bereik word. Laasgenoemde word individueel vir elke geval bepaal gedurende die observasieperiode wat deel uitmaak van die program in die Toelatingseenheid.

In aansluiting by voorafgaande word ook gebruik gemaak van 'n punte-voorregtestelsel ("token economy"). Hierdie stelsel maak voorsiening daarvoor dat gewenste gedrag onmiddellik positief beloon kan word, terwyl ongewenste gedrag "gestraf" kan word deur verbeuring van punte. Met behulp van die punte-voorregtestelsel kan die aangehoudene al die voorregte-verwerf wat op 'n bepaalde eenheid van toepassing is.

Afgesien van bogenoemde gedragsterapeutiese beginsels, word daar ook van ander individuele sowel as groepspsigoterapeutiese metodes gebruik gemaak. 'n Metode wat veral belangrik is, is konfronterende groepspsigoterapie, waarby die aangehoudene voortdurend met sy gedrag en veral met sy verantwoordelikheid vir sy eie gedrag gekonfronteer word. Voorts is daar spesiale behandelingsprogramme vir aangehoudenes met besondere probleme soos bomatige aggressie, seksuele probleme en drank- en dwelmverslaaftheid.

Verder is daar voorsiening vir werkterapie, kunstterapie, maatskaplike groepwerk, pastorale groepwerk, opvoedkundige aandag en psigiatriese evaluering een maal per week. Vir hierdie doel beskik die Departement oor die voltydse dienste van 'n span vakkundige personeel, naamlik kliniese sielkundiges, maatskaplike werkers, opvoedkundiges en psigiatriese verpleërs en 'n voltydse kapelaan. 'n Psigiatr van die Departement van Gesondheid besoek die inrigting weekliks.

Die behandelingsprogram is ook so ontwerp dat die aangehoudene se vordering aan 'n daaglikse proses van evaluering onderwerp word, en gereelde verslae in dié verband word deur al die personeel gelewer.

provision of special hospital prisons for the incarceration and treatment of certified criminal psychopaths. In this respect the first hospital prison for certified psychopaths was instituted at the new Zonderwater Prison near Cullinan and started functioning during May 1976 with a group of seven prisoners.

With a view to the treatment of this category of prisoners, a special programme of treatment was compiled after intensive research abroad. The underlying principle of the programme of treatment is the provision of a therapeutic community. Accordingly the whole institution, i.e. personnel and prisoners, is actively involved in the programme, which is based largely on behaviour-therapeutic principles. Because of this, use is made of the so-called "graded tier system", which means that the institution is divided into various units, each with its own separate programme of treatment. There are four (4) such units, namely:

- The Admission Unit.
- Progress Unit A.
- Progress Unit B.
- The Pre-release Unit.


Privileges are determined according to the programme of the unit and the detainee can progress from the Admission Unit, with minimum privileges, to the Pre-release Unit, with maximum privileges, as changes take place in his psychopathic behaviour and pre-determined therapeutic aims are attained. The latter are determined individually for each case during the observation period, which constitutes part of the programme in the Admission Unit.

In conjunction with the foregoing, use is also made of a points-privilege system (token economy). This system provides for desirable behaviour being positively rewarded immediately, while undesirable behaviour can be "punished" by forfeiting points. With the aid of the points-privilege system the detainee can obtain all the privileges applicable to a particular unit.


In addition to the above-mentioned behaviour-therapeutic principles, use is also made of other individual and group psychotherapeutic methods. Confronting group psychotherapy, where the detainee is continually confronted with his behaviour and especially with his responsibility for his own behaviour, is a very important method of therapy. Furthermore there are also special treatment programmes for detainees with particular problems such as excessive aggression, sexual problems and for those with alcohol and drug problems.

In addition, provision is made once a week for occupational therapy, art therapy, social group work, pastoral group work, educational attention and psychiatric evaluation. For this purpose the Department has at its disposal the full-time services of a team of professional personnel, i.e. clinical psychologists, social workers, educationists and psychiatric nurses, as well as a full-time chaplain. A psychiatrist of the Department of Health visits the institution weekly.

The treatment programme is designed in such a way that the detainee's progress is subjected to a daily process of evaluation, and regular reports in this respect are supplied by all the personnel.



Gevangenes ontspan in een van die selle van die Hospitaalgevangenis vir Psigopate te Zonderwater
Prisoners relaxing in one of the cells of the Hospital Prison for Psychopaths at Zonderwater



Binnkant die Hospitaalgevangenis vir Psigopate
Inside the Hospital Prison for Psychopaths

Veral die bewakingspersoneel lewer hier 'n besonder belangrike bydrae. Ten einde die personeel vir hul taak in die hospitaalgevangenis te oriënteer, is al die personeel (professioneel / vakkundig / psigiatres / ambagspersoneel en bewakingspersoneel) gedurende Januarie/Februarie 1976 aan 'n intensiewe opleidingskursus van ses weke onderwerp.

Toelating tot die hospitaalgevangenis kan geskied via die hof of uit 'n gewone gevangenis. In beide gevalle moet 'n oortreder egter deur twee geneeshere (waarvan een 'n psigiater moet wees) as 'n psigopaat ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet 18 van 1973), gesertifiseer word, waarna 'n lasbrief vir aanhouding in 'n hospitaalgevangenis deur die Minister van Gevangenis op aanbeveling van die Sekretaris van Gesondheid uitgereik word.

Dit is 'n welbekende feit dat die behandeling van psigopate 'n uitsers moeilike en langdurige proses is en dat daar tot dusver geen sprake van genesing in die mediese sin van die woord is nie. Ervaring en ondersoek in die buiteland het egter getoon dat 'n persentasie van hierdie kategorie van oortreders deur middel van soortgelyke spesiale behandelingsprogramme in so 'n mate gesosialiseer kan word dat hulle wel in die gemeenskap kan inpas.

Aangesien hierdie projek nog in die beginstadium in Suid-Afrika is, is daar heelwat navorsing wat nog gedoen moet word veral met die oog op die ontwikkeling van 'n eie effektiewe behandelingsprogram.

4.2 Veilige bewaking.

Gedurende die afgelope verslagjaar was daar 2 339 ontvlugtings en 14,7 persent daarvan was uit gevangenis. As die daaglikse gemiddelde gevangenisbevolking op 94 861 gestel word, beteken dit 'n globale ontvlugtingsyfer van slegs 0,0067 persent. Om ontvlugtings doeltreffender te bekamp, is 'n seksie "Veilige Bewaking" ingestel met die identifisering van aanleidende faktore sowel as die bekamping daarvan as primêre taak.

4.3 Tandheelkundige dienste vir gevangenes.

Waar tandheelkundige dienste vir gevangenes voorheen deur private tandartse behartig is, is 'n nuwe stelsel aan die einde van hierdie verslagjaar ingestel waarvolgens voltydse en/of deeltydse staatstandartse verbonde aan die Departement van Gesondheid begin het om tandheelkundige dienste in groter sentra te lewer. Hierdeur word nou 'n omvattender en vollediger diens as in die verlede moontlik gemaak. Slegs die vervaardiging of herstel van kunsgebitte word nog by tandtegniese laboratoriums gedoen. Alhoewel hierdie diens nog nie by alle gevangenis ingestel is nie, is beplanning en uitbreiding steeds aan die gang en sal alle kommandemente uiteindelik bedien word.

5. GESPECIALISEERDE BEHANDELING.

Naas die veilige bewaring van gevangenes, is dit ook die taak van die Departement om, sover doenlik, dié behandeling op veroordeelde gevangenes toe te pas, wat tot hulle verbetering en rehabilitasie kan lei.

5.1 Opvoedkundige dienste.

5.1.1 Algemeen.

Gedurende die verslagjaar het daar altesaam 304 gevangenes akademiese en tegniese eksamens afgelê (op skool- en naskoolse vlak), en 'n slaagpersentasie van 57 persent is behaal. Altesaam 69 gevangenes het volwaardige sertifikate behaal.

The custodial personnel in particular make an extremely important contribution in this connection. In order to orientate the personnel for their task in the hospital prison, all the personnel (professional/psychiatric/artisan and custodial) were subjected to an intensive training course of six weeks during January/February 1976.

Admission to the hospital prison can take place via the court or from an ordinary prison. In both cases, however, an offender must be certified by two medical practitioners (one of whom must be a psychiatrist) as a psychopath in terms of the Mental Health Act, 1973 (Act 18 of 1973), after which a warrant for detention in a hospital prison is issued by the Minister of Prisons on the recommendation of the Secretary for Health.

It is a well-known fact that the treatment of psychopaths is an extremely difficult and protracted process and that to date there is no question of any cure in the medical sense. Experience and investigation overseas have shown, however, that a percentage of this category of offenders can, by means of similar special treatment programmes, be socialised to such a degree that they can adapt to society.

As this project is still in its infancy in South Africa, much research will have to be done, particularly with a view to developing an effective programme of treatment specially designed for this country.

4.2 Safe custody.

During the year under review there were 2 339 escapes, 14,7 per cent of which were from prisons. Taken on the daily average prison population of 94 861, this constitutes an overall escape rate of only 0,0067 per cent. To combat escapes more effectively, a "Safe Custody" section was established, whose primary task is to identify and counter contributory factors.

4.3 Dental services for prisoners.

Whereas in the past dental services for prisoners were rendered by private dentists, a new system was introduced at the end of the year under review by which full-time and/or part-time State dentists attached to the Department of Health started providing dental services at the larger centres. This has made a more comprehensive and complete service than in the past possible. Only the manufacture or repair of dental plates are still done by dental technical laboratories. Although this service has not yet been introduced at all prisons, planning and extension are in progress and all commands will eventually be served.

5. SPECIALISED TREATMENT.

Besides the safe custody of prisoners, the Department's function is also to apply, as far as possible, such treatment to convicted prisoners as may lead to their improvement and rehabilitation.

5.1 Educational Services.

5.1.1 General.

During the year under review a total of 304 prisoners sat for academic and technical examinations (at school and post-school level), and the percentage pass was 57 per cent. In all, 69 prisoners obtained full certificates.

Van die 562 gevangenes wat vaktotse afgelê het, het 336 geslaag. 'n Slaagpersentasie van 60 persent is behaal. 'n Uiteensetting van die verskillende vaktotse afgelê, word in Tabel 17, pagina 26 gegee.

Die lees- en skryfprojek vir ongeletterde gevangenes, wat in 1968 ingestel is, funksioneer tans by 39 gevangenis—vier meer as in die vorige verslagjaar. Gedurende die verslagjaar het 602 gevangenes die kursus voltooi, wat die groototaal nou op 4 040 te staan bring.

5.1.2 Gevangenisbiblioteke.

Gevangenisbiblioteke vorm lank reeds 'n onbetwisbare en integrerende deel van die rehabilitasieprogram, en aanvanklik het die Departement self in alle biblioteekbehoefte voorsien. Namate die omvang van die onderneming moes tred hou met sosio-opvoedkundige ontwikkeling, het dit duidelik geword dat in sommige van die behoeftes van gevangenisbiblioteke doeltreffender deur provinsiale en ander "buite" biblioteekdienste voorsien kan word. Ooreenkomste is in hierdie verband met provinsiale en verskeie munisipale biblioteekdienste aangegaan. Inmiddels is die Departement van Nasionale Opvoeding se Tak Biblioteekdienste in 'n raadgewende hoedanigheid betrek.

Biblioteekdienste se bydrae behels die lewering van leesstof en basiese leiding aan biblioteekpersoneel in die hantering daarvan.

Of the 562 prisoners who did trade tests, 336 passed (percentage pass 60 per cent). Details of the various trade tests conducted are given in Table 17, p. 26.

The reading and writing project for illiterate prisoners, which was instituted in 1968, is now functioning at 39 prisons—four more than in the previous year. During the year under review 602 prisoners completed the course, which brings the total to 4 040.

5.1.2 Prison Libraries.

Prison libraries have long been part and parcel of the rehabilitation programme and initially the Department provided all library requirements itself. As the scope of the undertaking widened to keep abreast of socio-educational development, it became evident that some of the needs of prison libraries could be more effectively met by provincial and other "outside" library services. In this respect agreements were entered into with provincial and various municipal library services, the Department of National Education's Library Services Branch acting in an advisory capacity.

The library service's contribution includes the supplying of reading-matter and basic guidance to library personnel in handling it.



Biblioteekfasiliteite by Kroonstadgevangenis
Library facilities at the Kroonstad Prison

In gevalle waar dit om die een of ander rede onprakties is om van die provinsiale of munisipale biblioteekdienste gebruik te maak, verskaf die Departement self die leesstof wat uit eie fondse aangekoop word. Hierdie Departementele biblioteke is uitsluitlik beperk tot die kleiner gevangenis wat hoofsaaklik as opnemingsentrums dien.

Verskeie staatsdepartemente stel hul publikasies gratis beskikbaar vir verspreiding onder alle bevolkingsgroepe in die gevangenis.

In cases where for some reason or other it is impractical to make use of the provincial or municipal library services, the Department itself provides the reading-matter, which is purchased out of its own funds. These Departmental libraries are restricted exclusively to the smaller prisons, which serve mainly as admission centres.

Several Government Departments supply their publications free of charge for distribution among all population groups in the prisons.

Boeke wat gevangenes vir studiedoeleindes nodig het, word gewoonlik van die Staatsbiblioteek asook van universiteits-, kollege- en ander biblioteke deur interbiblioteeklenings verkry.

5.2 Sielkundige dienste.

Sielkundige dienste het gedurende die verslagjaar bestendig gegroei en daar is ook oorgegaan tot die instelling van 'n volwaardige diens te Zonderwater- en Victor Verstergevangenis. Daarbenewens lewer hierdie Seksie, soos reeds aangedui, 'n besondere bydrae tot die behandelingsprogram van psigopatiese oortreders wat in die hospitaalgevangenis vir psigopate aangehou word.

Lede van dié Seksie het gedurende die verslagjaar 'n hele aantal spesiale opleidings- en oriënteringskursusse deurloop. Onder leiding van professor W. de Moor van Nederland het 'n aantal lede van die Seksie saam met 'n aantal ander kliniese sielkundiges, opleiding in gedragsterapie ontvang. Hierdie opleiding was besonder belangrik aangesien die behandelingsprogram van die hospitaalgevangenis vir psigopate op gedragsterapeutiese beginsels gebaseer is.

